



MENTORVENNOOT

NUUS EN INLIGTING OOR ONS AANGEPASTE PROGRAMME VIR 2020



Weens die Coronavirus (met al sy gevolge) word MentorVennoot se programme ook aangepas en lyk die res van 2020 nou as volg:

1. DIE SNAPSPEL.

- Soos reeds in `n vorige epos genoem, word die Snapspel in sy huidige formaat opgeskort en al die 2020 afsprake gekanselleer

Die 6 skole wat so flink weggespring en hul kompetisie met ywer voltooi het, was lekker om te volg! Ons gaan vir die skool en die wenspan wat die voorlopers was toe alles gestaak moes word, erkenning gee;

- Hopetown en Orania het as `n gekombineerde groep deelgeneem en was die voorlopers.
- Span 3 van Nico Malan was die individuele span wat vêr voorgeloop het.
Mooi so julle!!

Die prysgeld van die finaal gaan prorata bereken word sodat die skole en wenspan darem elkeen ietsie kan kry. School solutions borg die wenspan en MentorVennoot die wenskool. Ons kontak julle binnekort met die reëlings.

- Inligting oor alternatiewe metodes van die Snapspel sal teen einde September 2020 bekend wees.

2. ENTREPRENEURKOMPETISIE.

Hierdie kompetisie is uiters noodsaaklik en het sekerlik nou nog belangriker geword. Ons gaan dus daarmee voort!

- Die Burgersentrum in Kaapstad is weer tot ons beskikking gestel en reeds bespreek vir die finaal.
- Die nuwe datum is Saterdag 28 November 2020.
- Die reëls vir inskrywings bly onveranderd soos aan die begin van die jaar gekommunikeer. (Sien inligting heel onder)
- Skole wat aan die Snapspel sou deelneem, is gevra om minstens 5 leerders per skool in te skryf.
- Ons hoop die 6 skole gaan vir ons hul inskrywings stuur.
- Ons nooi egter alle skole, onderwysers, entrepreneurklubs, ambassadeurs om hul leerders met hul suksesstories te motiveer en in te skryf.
- Die prysgelde gaan ook aangepas word.
- Meer inligting hieroor teen einde September.

- Die sluitingsdatum is Vrydag 6 November 2020.
- Mentorvennoot stel eersdaags `n Bemarkingskomitee saam wat ook hiermee gaan help.

As jy reg is met jou storie, skryf in, ons wag..... vir jou!



Sien inskrywingsvorms aangeheg.

Ek het reeds inskrywings ontvang.

Volg ook ons webtuiste vir meer inligting. www.mentorvennoot.co.za

3. ENTREPRENEURKLUBS

Die funksionering van entrepreneurklubs is elke skool se eie inisiatief. Ons moedig dit baie sterk aan. `n Handleiding om daarvoor te gebruik, is ook aangepas, laat weet my dan stuur ek vir julle.

4. AMBASSADEURS.

Die Ambassadeurs is `n nuwe aksie wat vanjaar gebore is.

Daar is reeds 10 Ambassadeurs. Hulle kon natuurlik ook nie funksioneer soos hulle wou/moes nie. Mentorvennoot sien die Ambassadeurs as leerders met entrepreneuriese eienskappe en behoort `n leier rol te speel in die ontwikkeling van entrepreneurskap en moet die voorlopers wees by hul skool se entrepreneurklubs en ander aksies.

`n Nuwe Handleiding is ook vir hulle saamgestel en beskikbaar om te gebruik.

Ek skakel binnekort met die huidige Ambassadeurs. Die aksie gaan uiteraard uitgebrei word na so veel as moontlik van die ander 700 skole waarmee ons gaan werk.

5. MENTORVENNOOT VERENIGINGS EN VOLWASSENES AS AMBASSADEURS.

Daar is tans vyf Verenigings in die land. Die virus het ook die groei hiervan belemmer.

Die doel van so Vereniging is om die **ooms en tannies** in `n dorp se kundigheid te gebruik om jong entrepreneurs te help. Hulle moet net identifiseer en gevra word om te help. Ons gaan ook hier `n ekstra komponent byvoeg in die vorm ouers of volwassenes wat as Ambassadeurs die skoolklubs/leerders kan help. Sulke persone kan individueel hulp verleen of ook deel word van `n Mentorvennoot Vereniging.

Die huidige Handleiding is ook aangepas en beskikbaar

6. ONDERWYSERSFORUM

Die forum se hoofdoel is om onderwysers die geleentheid te bied om met ander kollegas te skakel en inligting uit te ruil oor entrepreneurskap en ander verwante sake. Dit kan as `n ekstra bron van inligting dien oor Entrepreneur aktiwiteite en selfs Besigheidstudies en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Hierdie Handleiding is ook aangepas en sal eersdaags na almal gestuur word

7. NUWE MENTORVENNOOT KURSUSSE !!



- Mentorvennoot het intussen begin om nuwe en alternatiewe metodes te ontwikkel vir inligting en opleiding van jong entrepreneurs.
- Daar gaan uiteindelik verskillende kursusse wees en word digitaal met sosiale media aangebied. Die beplanning en ontwikkeling is tans in proses.
- Ons beoog om die begin van Oktober 2020 met die eerste van 5 kursusse af te skop.
- Meer inligting hieroor is net om die draai!

Indien daar enige navrae oor enige program is, kontak ons by info@mentorvennoot.co.za

Sterkte vir die volgende paar maande en res van die skooljaar!

Groete

Kobus van den Bergh

Besturende Direkteur
MentorVennoot

3 September 2020

+++++

’n Uittreksel van die brief met reëls soos aan skole gestuur oor die Entrepreneurkompetisie.

1. Die volgende reëls is van toepassing:

- Ten einde te kwalifiseer as ’n sukses storie moes die entrepreneur ten minste R200 netto wins gemaak het.
- Daar is geen beperking op die aantal inskrywings wat individuele entrepreneurs kan instuur nie. Indien dieselfde entrepreneur ’n tweede inskrywing wil instuur moes R400 netto wins gemaak wees. Vir ’n derde inskrywing moes R800 wins en vir ’n vierde inskrywing moes R1 600 wins gemaak wees. Die wins verdubbel dus vir elke addisionele inskrywing.
- Skole wat deelneem moet minstens 5 leerders help inskryf.
- Skole wat deelneem gee toestemming dat fotos van die geleentheid/deelnemers gebruik mag word vir Mentorvennoot se nuusbriewe en webwerf.

2. Suksesstories kan deur middel van enige van die volgende kanale ingestuur word:

- E-pos (met standaard inskryfvorm wat verskaf word) asook stawende bewyse na: Info@mentorvennoot.co.za of

- - WhatsApp na 0824596316 'n foto van die inskrywingsvorm, boodskap of stemboodskap (voice note) kan gestuur word.

3. Die Entrepreneur van die Jaar- kompetisie

Daar is drie kategorië:

- Die Opkomende Entrepreneur van die Jaar
- Gemeenskapsdiens Entrepreneur van die Jaar
- Die Entrepreneur van die Jaar.

Die volgende reëls is hier van toepassing:

- Die wen entrepreneur van die vorige jaar sal nie weer in aanmerking geneem word vir die wen prys en titel "Entrepreneur van die Jaar" nie.
- Finaliste van die vorige jaar mag wel weer deelneem, veral om te sien hoe hul besighede gegroei het en of daar dalk alternatiewe/verdere kreatiewe idees ontstaan het.
- Beoordelaars hou hulle die reg voor om stawende of meer detail dokumentasie van die deelnemers te versoek.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal.

Uit al die inskrywings sal die finaliste vir die individuele Entrepreneur van die Jaar gekies word. Die paneel van beoordelaars sal onderskeidelik die wenner van elkeen van die drie kategorië bepaal en aanwys.

Daar sal ook 'n gelukkige trekking wees uit al die sukses stories wat gedurende die jaar ontvang

+++++